

Woensdag 19 Januarie

Skrifgedeelte: 2Timoteus 3:10-17

Fokusgedeelte: 2Timoteus 3:15-17

Die volkomeheid van die Skrif

Is die Bybel genoeg? Daar is tog baie dinge wat ons nog wil weet en dit staan nie in die Bybel nie.

Via die internet het ons soveel toegang tot allerhande inligting. Daarom is ons geneig om meer te wil weet – ook oor God, en ons en wat ons glo.

In 2 Timoteus 3:15-17 maak Paulus dit duidelik: die Bybel is deur God self geïnspireer en het die vermoë om ons alles te leer wat nodig is om te verstaan wat ons verlossing in Jesus Christus beteken, en watter reaksie daar by ons moet wees in ons lewe voor die Here. Paulus sluit hierdie gedeelte af met die woorde in vers 17 (AFR33): *... sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus.*

Die Griekse woord vir *volkome* wat tweemaal hier voorkom, beteken om volledig toegerus te wees, of om volledig voorsien te wees met wat nodig is.

Die Woord van God is dus genoeg. Genoen om te verstaan wat ons verlossing in Christus behels en hoe die Here wil hê dat ons hierop moet reageer. Al wil ons dalk meer weet, is dit wat die Here ons leer in sy Woord, genoeg. Dit sê nie te min nie, ook nie te veel nie. Dit is volkome.

In die Nederlandse Geloofsbelydenis Artikel 7 bely ons immers: *Ons glo dat die Heilige Skrif die wil van God volkome bevat en dat alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, daarin voldoende geleer word.* In 'n wêreld vol sonde, wat al hoe minder wil weet van God en sy Woord, is ons opdrag (net soos vir Timoteus) om te bly by wat ons glo. Alles wat ons nodig het om te weet, staan in die Here se Woord. Bestudeer dit, oefen jou daarin, laat dit jou slyp en vorm – sodat ook jy volkome toegerus sal wees vir elke goeie werk.

Sing: Psalm 119-1:39

Dr. EJ Smit (Rassie) (Wapadrant)